NAMIBIA SIM NEWSLETTTER

KEURING VAN BULLE

n Versoek word gerig dat telers na keuring van hul bulle alle 7+ en 8+ gekeurde bulle se ID nommers moet deurgee aan die kantoor om n lys op te stel van die beste gekeurde bulle . Die Simkantoor kan dan hierdie ID nommers deurstuur aan Simtelers om telers sodoende in staat te stel om hooggepunte bulle aan te koop van mede telers.

SKANDERING

Gedurende die afgelope jaar het meer telers aan die skanderingsprogram deelgeneem. Telers wat belangstel om in 2015 hul diere te skandeer moet die Simkantoor in kennis stel voor 31 Januarie 2015. Na die afsnydatum word belangstellende telers se name en getalle deurgegee aan die NSV. Indien u laat inskryf vir die skanderingsprogram sal u naam nie op die program verskyn nie. Indien u later wel besluit om deel te neem kan dit u koste verhoog om deel te neem aangesien n spesiale besoek aan u gebring moet word. Telers wat laat inskryf moet dus bereid wees om n hoer koste te betaal.

BGP PROJEK

n Nuwe samevatiing van die BGP projek is ingesluit in die nuusbrief. Telers kan die BGP Tabel bestudeer en alle vrae rondom die projek kom vra op die Simmentaler Telersdag, Saterdag, 8 November op die plaas van Rene Krafft of by die Simbra Telers Vergadering, 13 November te Windhoek. Die projek sal by die 2 geleenthede hanteer en bespreek word. Sien meegaande tabel.

NAMIBIA SIM NEWSLETTTER

BG Projek 2014

BGP Vaars	
KI BULLE	EIE BULLE
Gebruik ten minste 1 BGP KI bul.	Verkieslik twee of meer.

BGP Teelkoeie
Genoeg diere om ten minste 24 kalwers binne 45 dae van mekaar gebore te verwek.

Mimimum nageslag van BGP teelgroep	
KI BULLE	EIE BULLE
8 kalwers van 1 KI vaar = 8 kalwers	8 kalwers van 2 bulle = 16 kalwers

STAP 1	STAP 2	STAP 3	STAP 4
Teler Sinchroniseer en KI vroulike diere en trek sterthare.	Na KI word teeltrop blootgestel aan teler se bul vir teling.	Doen dragtigheids-ondersoeke.	Stuur DTK inligting aan kantoor en bestuur koeie saam in bestuurs-groep.

Kalwers word gebore

STAP 5	STAP 6	STAP 7	STAP 8
Weeg kalwers binne 24 uur na geboorte.	Neem voorspeense gewig vir die hele groep tussen 80 en 150 dae.	Neem speengewig vir hele groep op dieselfde dag tussen 190 en 300 dae ouderdom.	Stuur haar-monsters en finale rekords na kantoor vir verwerking.
Teken kalwingsgemak kode aan.		Neem gewig van ma van kalf en gee kondisiepunt op dieselfde dag.	
Trek sterthare van die kalf.			

Bulkalwers (na speen)	
NA TOETSSTASIE	OP PLAAS
Minimum 3 van 3 verskillende vaars = 9 (Verkieslik 4 van 3 of meer)	Alle bulle wat agterbly in dieselfde groep.
Neem deel aan voer doeltreffendheidstoets, vleiskwaliteit asook ander metings en toetse.	Neem 400 dae gewig en skrotum meting tussen 300 en 500 dae.
	Doen skandering.
	Neem 600 dae gewig tussen 500 - 900 dae.

Verskalwers (na speen)
Neem 400 dae gewigte.
Doen skandering.
Neem 600 dae gewigte.
Behou verse in teeltrop (in selfde bestuursgroep) tot dragtig bevestig met tweede kalf.

Nota: Ons beveel aan dat alle metings op totale kudde gedoen word.

NAMIBIA SIM NEWSLETTTER

WINDHOEK SKOU

Verskeie versoeke is in die verlede ontvang om die Windhoek Skouweek te verkort, bv van Vrydag met aankoms tot Woendag met vertrek. Die skouprogram is alreeds baie vol geboek. Dit gaan dus nie moontlik wees nie omdat die lewendehawe afdeling deel vorm van die Windhoek Industriele en Landbou Skou. Die besoekers aan die Windhoek Skou was 118 000 vir 2014 en die besoekers kom besoek die industriele en lewendehawe afdelings. As die stalle leeg is skep dit n negatiewe effek op die tweede helfte van die Windhoek Skou. Dus ongelooflik hoeveel besoekers die laaste naweek die lee stalle besoek. Vir telers bied die skou die optimal vertoonvenster vir hul kuddes en hulle ras. Ons weet almal dat die besigheidswereld n groot koper is op veilings in die land en baie besigheid word ook op plase gedoen. Telers word dus versoek om die skou as sulks te benut. Die skou is ons vertoonvenster aan die publiek.

DNA VAN BULLE

Daar is deur Die Raad besluit om die volgende inligting aan die telers deur te gee. As daar nie n DNA profiel van n bul bestaan nie waar daar kalwers aankom is daar n mootlikheid om 4 van die nageslag en die moeders se sterthare in te stuur vir ontleding om sodoende alle nageslag van die bul aan te meld. Telers word versoek om in so n geval met die kantoor in verbinding te tree.

&&&